Ges. 6 2.

# Wandel deur d. Gees.

Het. Pinkster 1944
VII

## Gal. 5: 16-26

Gal. 5: 25 - As ons deur d. Gees lewe, laat ons ook deur d. Gees wandel.

2 'n Drenkeling van 'n skip wat ten gronde gegaan het het, nadat hy lank in d. onstuimige waters rondgespartel het, // omring v. haaie, in bittere koue, sonder kos, water, warmte, sonder hoop op redding uiteindelik 'n reddingsgordel wat hy hom verbygedryf → Stem uit donker: Gryp! het in hande gekry! het gegryp na lug & gees v. al die vermoeienis, die angs, die ontbering aangegryp afloop gaan lê, as laaste hoop-gewees: aan end v.d. tou is iemand wat hom sal red! Veilig in reddingsboot getel!

– Dis in kort d. beeld van 'n feit wat ek u gisteraand voorgehou het: op ashoop, magteloos, reddeloos – uitgeroep: Ek moet! Die gordel gegryp, sy redding verseker! Ja, mens moet eers op d. ashoop, op d. stormwaters v.d. lewe uitgegooi word voor jy jou Verlosser leer ken!

– U en ek gisteraand vir 1e maal of hy hemming bely, toege-eien, verseker: Ek moet! Ver. is dit nou al? Daar bly staan? Is dit al wat God gee? // Moet ons tevrede wees om net 'n boompie te plant? 'n Saadjie te laat ontkiem? Moet hy dan nie uitstoot, vrug dra, sy blom vertoon nie? Moet daar dan nie groei & bloei wees as d. lewe in hom waaragtig is nie? Sal d. inn. verand. v. ons lewens dan nie noodwendig na buite vertoon nie? (Gal. 5: 24)

Spreek vanself: radikale, onmiskenbare verskil tussen geredde & ongeredde, verloste & verlore siel. Kan nie anders!

Hulle in wêr – ons in O! Hulle in vlees – ons in Gees!
Hulle in mag v. sonde – ons in vryhd v Xtus!
Hulle in haat & nyd – ons in liefde & eenhd!
Hulle in versetting v. stenv. gees & [bestaan] ons in bleei van 'n nuwe lewe! // So moet dit wees! As daar geen verskil tussen u & d. wêr. is nie is een v. 2 dinge waar: Of geen Xten, of blote naam-Xten!

Vr. is nou: in hoeverre leef u dit uit? Wat sê u lewe – gereinig & geheilig of nog bevlek & beklad? In Gees of vlees? Baie noods. dat u dit weet: want minstens 3 ander persone wat afop let & dit weet:

① Satan: weet presies waar u staan: wat u lewe is – opp. of diep. U kan dit nie van hom wegsteek nie, al wil u ook. Wag sy kans af om u te laat faal! Weet u dit?

② Nie-Xtene: Weet ook: Kom met hulle in aanraking, leer u in daagl. lewe ken ens. – vind gou genoeg uit: is jy 'n 100% Xten, ja of nee! Weet u dit?

③ Here Jesus: Hy weet! Of ons alles aan Hom gegee het & of ons nog met een hand aan d. wêr. vashou!

Hom seker & maak: waar staan ons in ons Xtel. lewe? Gevorder – agteruit? Brandend & vol ywer – of koud & doods? Eerlik & opreg – of vals & skynheilig? Uitdagend & met onuitskrokke getuienis – of vreesagtig & kragteloos? Waar staan u? U lewe geheilig of nog besoedel, 'n Xtus-gelykvormige lewe – of tweeslagtige wêr. diens?

– Hoe moet lewe wees om geheilig te wees:

I. Lewe wat d. beeld v Xt. dra: Dis Tog ons eerste strewe, ons hoogste mikpunt – ons moet d. beeld v. Jesus dra! Wat beteken dit? – 2 Dinge:

a) Soos Jesus wees in verh. tot Vader:
– In alles Sy wil gedoen, sy plan gevolg, sy wette uitgevoer: aan sy moeder, in woestyn! Gods ja was sy ja. Gods nee sy nee!

→ Vra u ook: Wat is Gods wil in alles?

– Dink aan sy omgang m. Sy Vader, sy afsondering in gebed, sy voorbidding vir almal!

→ Is u ook so 'n bidder & voorbidder?

– Dink aan sy toewyding aan sy roeping: "My Voedsel is om d. wil v. my Vader te doen".

→ Is u so bewus v. u godd. roeping? Is u lewe d. bewys daarvan? Of staan u nie voor u klas, in u winkel, tuin ens. net omdat u nou moet?

b) Soos J. in verh. tot m/mens: Ken u Hom daar?
– Sy liefde vir mense – noem voorbeelde. Het u dié liefde? Vir vyande? (Bid aan kruis)
– Sy sagmoedighd & nederighd: voete was, minste gewees, ens! Is u lewe so?
– Sy reine onbevlektheid: sonder skuld & sonde. Is dit u lewe?

→ Dra u d. beeld v Xt.? Indien nie ten volle, probeer u? Of tevrede om in ou lewe te bly? – Verdeelde trou!

II. Lewe wat d. vrugte d. H.G. openbaar:
Wat is die vrug? Opgesom in Gal. 5:22

① Liefde:

② Blydskap

③ Vrede:

(4) Lankmoedigheid

(5) Vriendelikheid

(6) Goedheid

(7) Getrouheid ens!

III) Lewe wat vir ander tot seën is: Party mense se lewe is vir ander tot seën, ander weer tot 'n vloek! Party mense het d. geheim om geluk te versprei waar hulle gaan - ander weer om niks anders as ongeluk, twis, bitterheid op hulle spore te saai nie! Watter is u lewe?

- As u gedurig m. ander in botsing is?
- As u aanhoudend moeilikheid het waar u gaan?
- As daar gedurig haakplek tussen u & u vriende is, u kennisse? As u nooit gelukkig is ens..! Kan u dan tot seën wees?
- Wat beteken u vir u medemens? Wat gee u aan ander? Wat is u vir ander ¿werd? Tot seën - of tot vloek!

Dis d. keuse, dis d. beslissing wat u moet vel: het verlos of ook geheilig?